# BEDIENINGSOPDATERING

## ALISON QUINLAN

Eers na vyf jaar kon Alison Japan toe kom – vanaf April 2017 toe God haar die eerste keer na Japan geroep het tot April 2022 toe sy uiteindelik In Japan aangekom het. Alhoewel Alison in November 2020 deur Japansending aanvaar is, kon sy nie vanaf die Verenigde Koningkryk na Japan vertrek voor April 2022 nie vanweë die COVID-internationale reisverbod.

Die Here het hierdie tyd gebruik om by haar berusting te bring na die dood van haar man en haar hart te heel. Sy kon kosbare tyd by haar familie en haar vier volwasse kinders deurbring gedurende hierdie pandemie. Terwyl Alison gewag het om na Japan te kon gaan, was sy in staat om kontak te maak met baie Japannese mense deur **'HelloTalk'** – waar 'n mens 'n taal kon aanleer via die sosiale media-'app'. God het hierdie konneksie gebruik om saad te saai in die harte van die ongereddes in verskeie dele van Japan. Alison kon sedertdien 'n hele aantal van hierdie vriende besoek en die Woord met hulle deel.

Alison dien tans in die **Engelse evangeliese bediening** by Japansending Sy is 'n afgetrede skoolonderwyser wat 'n hart het om Christus met haar leerlinge te deel. **Bid** asseblief vir wysheid en sterkte vir Alison terwyl sy steeds voortgaan om by elke geleentheid vriende te maak en die saad van die woord te saai in die harte van menigte mense...

*******

# JAPANORAMA

Berg Fiji is n pragtige sneeu bedekte vulkaan.
Dit is 3776 meter bo seespieël op die eiland Honshu,
hoogste piek in Japan.
Berg Fiji is geleë sowat 100 km noord wes van Tokyo.

**DIE SENDING SE UITREIKINGS - "BID VIR ONS"**

- **Bybels en Leesstof**
- **Studente Uitreiking**
- **Bejaardes Uitreiking**
- **Evangelisasie Byeenkomste**
- **Oudiovisuele Uitreiking**
- **Hospitaal Evangelisasie**
- **Engelse Evangelisasie**

***ONS OPREGTE DANK EN WAARDERING*** teenoor vriende wat bankinbetalings gedoen en ons laat weet het, en veral ook vir inbetalings wat ons nie kon erken nie.

Sal u asb so goed wees om ons te laat weet as u nie 'n erkenning ontvang het nie en ook as u van adres verander.

'n Deposito kan direk in die Sending se bankrekening gemaak word by enige tak van **STANDARD BANK** of **ABSA BANK** of 'n debietorder kan gebruik word.

Nogmaals **BAIE DANKIE**, liewe vriende. Mag die Here u seën.

**Naam van Rekening: JAPANSENDING**
**STANDARD BANK, Rek No 010 333 126, Tak No 014-845**
**ABSA BANK, Rek No 090 161 334, Tak No 334-645**

***JAPANSENDING, POSBUS 30106, WONDERBOOMPOORT 0033***
***Tel/Faks (012)377-1533 E-pos: sa@japanmission.org***

*(Art 21) Reg No 2006 /019264 /08*

***JULIE - AUGUSTUS 2023***

*"Roep My aan en Ek sal jou antwoord" (Jer. 33:3)*

# JAPANSENDING

*Geroep om te dien*

# MY REIS MET GOD

Alison Quinlan is in Augustus 1962 gebore in die Verenigde Koningkryk. "Ek het nie grootgeword in 'n Christelike huis nie," het Alison gedeel." "Toe ek 14 was, het my vriende wat 'n plaaslike kerk bygewoon het, my saamgenooi na die jeugklub. By die pret-aktiwiteite van hierdie klub was gereelde Bybelstudie ingesluit. God het hierdie tyd gebruik om kosbare en tydlose saad van God se Woord in my hart te saai.



*Alison Quinlan*

"Ek is kort daarna gevra of ek Jesus Christus met my hele hart wil aanvaar en ek het toegestem. In 1977 het ek 'n geloofsbelydenis afgelê. My primêre rede om daardie tyd die Christenskap te aanvaar, was om by my vriende te wees. Ek was dus nie baie ernstig oor my geloof nie. Ek het na 'n paar jaar opgehou om na die jeugklub en kerk toe te gaan . "Eers in my laat twintigerjare toe ek besig was om te studeer vir my onderwysgraad het ek begin soek na die sin en doel van my lewe. Ek was gelukkig getroud en redelik tevrede op daardie stadium, maar diep binne het ek geweet daar moet iets meer wees in die lewe.

"Vanaf 'n baie jong ouderdom het ek die dood gevrees. Selfs as volwassene het die gedagte dat daar vir my niks na die dood is nie, my erg beangs gemaak. Ek het antwoorde gesoek op verskillende plekke. Ek het boeke gelees oor filosofie en ander godsdienste, maar diep binne het ek

**Verteenwoordigers in Japan: DAWID & SUE VERWEY**

**7-40 MONZEN CHO, IKOMA CITY,**
**NARA KEN, 603-0266, JAPAN**

**Tel: 0081-743731754**
**Faks: 0081-743731681**
**www.japanmission.org**
**www.facebook.com/japanmission.jm/**
**Tel: (012) 337-1533**
**Cell: 063 170 1480**
**sa@japanmission.org**

**Indien u rapporte en gebedsversoeke vanaf Japan per E-pos wil ontvang, kontak asb jm@japanmission.org**

**"Ons ondervind pos word nie afgelewer nie. Laat weet u e-pos adres indien ons die nuusbrief elektronies kan stuur."**

geweet ek moet teruggaan kerk toe. “Ten spyte daarvan het ek gevoel ek kan nog nie kerk toe gaan nie, omdat ek geoordeel gaan word. Ek het onrein en onwaardig gevoel. Ek het so baie dinge gedoen waaroor ek skaam was, maar ek wou regtig my weg terugvind .“Ek onthou dat ek in 1988 gedurende Kerstyd vir myself gesê het, 'Teen volgende Kersfees hoop ek om my weg terug te vind na die kerk, sodat ek kan deel in die viering van die ware betekenis van Kersfees'.“In Desember 1989 het 'n vriendin my gevra om 'n kerkdiens by te woon wat in die dorpskerk gehou is. Sy het dit oorweeg om in daardie kerk te trou en wou uitvind hoe dit binnekant gelyk het. Ek het begin opgewonde raak toe ek besef dit is my manier om weer in die kerk te kom.

“Ek het by die kerk opgedaag, maar nie my vriendin nie. Ek het besluit om tog in te gaan en onthou hoe ek gebewe het van angs, terwyl ek gedink het dat almal kon sien hoe vol sonde ek was. “Dit was 'n nagmaalsdiens. Die predikant het almal uitgenooi om te deel in die nagmaal en hulle sonde te bely. Terwyl ek my sondes bely, het ek gevoel hoe 'n groot gewig van my afgeval het. Terwyl ek deelgeneem het, het die Here my gevul met blydskap en vrede wat onbeskryflik is! Die doodsvrees het heeltemal verdwyn. Ek was 'n ander mens en kon nie wag om die volgende week terug te gaan kerk toe nie.

Ek het begin om die Bybel te bestudeer en was uitgehonger vir meer kennis. Ek kon dit nie bekostig om 'n klomp boeke te koop nie, derhalwe het ek vir toestemming gevra om by die kerk 'n biblioteek te begin. Mense het hulle Christelike boeke geskenk en kon ek dit lees. Ek het lateraan by die Sondagskool en leierskapspanne aangesluit. “In 1994 is ek genooi om by die evangeliese Bybelstudiegroep aan te sluit. Ek het my moeder saamgeneem. God het hierdie Bybelkursus gebruik om tot haar hart te spreek en sy het besluit om Jesus as haar persoonlike Verlosser aan te neem!

“God het ook hierdie Bybelstudie gebruik om my meer te leer van die Heilige Gees en hoe ek 'n dieper en meer persoonlike verhouding met God kon hê. Ek het toe opnuut my lewe toegewy en verbind daartoe om getrou aan Hom te wees.”

## *MY SENDINGOPROEP NA JAPAN*

“Ek het my eerste oproep om 'n sendeling in Japan te wees by 'n konferensie in April 2017 ontvang,” het Alison gedeel. ”Terwyl ek gebid het oor God se wil om sendingwerk te doen, het ek 'n hoorbare stem gehoor : Japan.

“Ek was verstom daaroor en my onmiddellike reaksie was, 'Nee, U is verkeerd. Dit moet my dogter wees wat geroep is na Japan'. Op 14-jarige ouderdom was my dogter, Elizabeth, by 'n Christelike kamp en daar is die nasie van Japan op haar hart gelê. Sy was toe besig om op universiteit vir 'n graad in Japannees te studeer en sou later in daardie jaar vir 'n jaar in Japan gaan deurbring .“Die stem het weer na my toe gekom : Japan. Ek het toe begin bid vir Japan, en terwyl ek besig was, het die Here sterk op my hart gedruk om te bid vir sy kerk in Japan.

“In 2017 het my dogter na Japan toe gegaan om te studeer by die Akita Internasionale Universiteit. Ek het my man gevra of ons haar in Japan kan gaan besoek tydens Kersfees. Ek het gedink as ek na Japan gaan, sal God miskien met my praat oor Sy roeping vir my. Ons het die Kersvakansie in Okinawa en Tokio deurgebring. Dit was 'n wonderlike vakansie, maar God was stil. “In Augustus 2018 moes my dogter terugkeer van Akita. My man het toe net met 'n nuwe werk begin. Hy kon dus nie toe verlof neem nie. Ek het toe gevra of ek na my dogter kon gaan om haar te help met haar bagasie. Hy het toegestem en so het ek weer na Japan gereis.

“Terwyl ek in Japan was, het ek verneem dat my man se gesondheid agteruitgegaan het. Ek en my dogter het na 'n uitkykplek gegaan waar ons die berg Fuji kon sien. Ons het daar op 'n bankie gesit en wag dat die wolk wat die bergspits bedek het, moet weggaan sodat ons die bergspits kon sien. Dis hier waar ek God gevra het wat Hy vir my wil sê van my man en ek onmiddellik hierdie woorde gehoor het : Niall is veilig, maar wil jy jou lewe gee vir Japan? “Ek het teruggekeer van Japan en binne 'n week het ek my man na 'n hospitaal geneem waar hulle gewasse in sy dikderm en lewer gevind het Hulle het aan hom gesê dat die kanker terminaal is. Hy het in Januarie 2019 gesterf. “Dit mag vreemd klink, maar God se roeping vir my na Japan het my staande gehou in hierdie donker en moeilike tyd. Ek weet God het 'n plan vir my lewe gehad na die verplettering van my man se siekte en dood. Dit was moeilik en my geloof is getoets en onder druk geplaas.

“Na die begrafnis het ek weggegaan om te bid en te besin. Ek het toe gevoel God moedig my aan om in te skryf vir 'n TEFL-kursus (Teaching English as a Foreign Language). Ek het die kursus begin, maar ek het begin twyfel, want dit was moeiliker as wat ek aanvanklik voorsien het.

“Gedurende hierdie tyd het ek begin kyk vir onderwysposte in Japan. Dit was hoe ek gedink het ek God se roeping sal navolg. Ek is egter teleurgestel, want dit het gelyk asof hulle jonger mense gesoek het vir die onderwysposte.

“Ek het toe begin kyk vir sendingorganisasies in Japan. Ek het gesoek met die woorde Japan en sending en raai wat het toe na vore gekom? Ek het na die Japansendingwebtuiste gegaan en ontdek dat daar wel Engelse onderwysers is wat ook sendelinge is.“Ek het die informasie op die webtuiste van Japansending gretig gelees. Ek was besonder getref deur die feit dat Japansending geroep is om te dien en te bemoedig en dat hulle ook plaaslike kerke in Japan ondersteun. Dit het aanklank gevind by my geestesingesteldheid, want dit was waarvoor ek gebid het.“Ek het begin om David Verwey se boek, **'Meeting the challenge in Japan'** te lees. Ek kon die boek nie neersit nie. Dit het my met geesdrif vervul. ”Met nuwe ywer het ek die TEFL-kursus voltooi en het ek vir my vriende en familie vertel dat ek vir 'n pos by Japansending gaan aansoek doen.“In September 2020 het ek begin met die proses om aansoek te doen vir 'n pos by Japansending. My hart was gereed om te dien en gehoorsaam te wees aan Sy roeping.”